NHKA
NEDERDUITSCH
HERVORMDE KERK
VAN AFRIKA
22 OKTOBER 2026
JAARGANG 19 – UITGAWE 41

Blitspos

Om ’n kind langs die pad te herberg

As ek dink aan die situasie van sommige kinders in Suid-Afrika kan ek nie anders as om aan die verhaal van die barmhartige Samaritaan te dink nie. ’n Man wat op pad was van Jerusalem na Jerigo is langs die pad deur rowers aangeval. Hy is beroof, ernstig beseer en halfdood agtergelaat. ’n Priester en ’n Leviet het eenvoudig by hom verbygeloop. ’n Samaritaan stop wel, versorg die gewonde en neem hom na ’n veilige herberg om verder versorg te word. Vandag lê kinders langs die pad van die lewe – getraumatiseer deur verwaarlosing, mishandeling, molestering en geweld.

Rata wil daardie herberg vir die afvlerkkinders wees. Rata is die Sesotho-woord wat beteken *om lief te hê* of *om deernis te betoon*. By Rata bied ons beskerming, versorging en hoop aan kinders wat die lewe se donker kant leer ken het. Hierdie kinderbeskermingsdiens bied ’n herberg vir die kinders, maar hierdie herberg kan net oop bly as ons saamwerk.

Ride-for-a-child – Munga 2026

Die Munga-wedren vind vanjaar van 25 tot 30 November plaas. *Ride-for-a-child* het vanjaar twee spanne wat die ongeveer 1 100 km van Bloemfontein na Wellington in die Kaapse Wynlande gaan aanpak. Hulle doel is om fondse vir Rata in te samel.

Annatjie van Wyk neem vir die vyfde keer aan die solo-uitdaging deel. Die span wat die *Équipe* gaan aanpak, bestaan uit ds Theuns Botha, Christo Cilliers, Arnold Cilliers, Riaan Loots en Thierry Beheydt. Hannes Bester gaan die belangrike rol as spanbestuurder vervul. Riaan Loots het verlede jaar aan die solo-uitdaging deelgeneem.

Vyf dae en nagte van grondpaaie, sand, Karoo-hitte, wind, klippe en bergpasse lê vir hierdie barmhartige Samaritane voor. Hulle gaan poog om die ongeveer 1 100 km binne 120 uur te voltooi. Alles net vir een groter doel: om vir kinders ’n herberg van veiligheid en hoop te gee.

1 100 km vir ’n doel groter as onsself

Een kind se lewe kan deur ons betrokkenheid verander word. Een kind kan beskerming ontvang. Een kind kan ’n veilige leefruimte kry. Een kind kan weer hoop kry. Rata se Munga-deelnemers het egter ons hulp nodig om die herberg oop te hou. Ons vra dat julle ’n aandeel in die herberg sal koop, maar ons vra nie bloot vir geld nie. Ons vra julle om in te koop in die herberg-idee en om saam met ons verantwoordelikheid te aanvaar vir kinders wat self nie hulle omstandighede kan verander nie.

’n Aandeel kan klein of dalk groot wees. Maar elke aandeel sê: *Ek sien jou. Ek loop nie verby nie.* Ons kan nie ons oë sluit en ons doof hou vir die noodkrete van weerlose kinders en dan toelaat dat hulle omstandighede hulle toekoms bepaal nie. Wanneer ons die nood langs die pad raaksien en besluit om nie verby te loop nie, word ons geloof sigbaar. Jakobus 1: 27 stel ons verpligting teenoor die weerloses duidelik: sorg vir weeskinders en weduwees wat swaarkry.

Ride-for-a-child se doel is om meer as R200 000 vir Rata in te samel. Ons vra dat julle ons asseblief ondersteun en help om ons doel te bereik. Enige bydrae, hoe groot of klein ook al, sal waardeer word. Bydraes kan deur middel van ’n elektroniese oorbetaling gemaak word. Ons rekeningbesonderhede is: Rata Maatskaplike Dienste, ABSA, rekeningnommer 020-600-209, verwysing: RFAC + jou naam.

Die ryers pak die pad aan. Die kinders wag langs die pad. Moenie verbyloop nie.

Ds Theuns Botha
(Emeritus)

VINNIGE NUUS

- LIEF EN LEED
- VERJAARSDAE
- VERGADERINGS
- GEMEENTES EN BEDIENING
- WERKGELEENTHEDE
- KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
- KOM KYK EN LUISTER SAAM
- LIED VAN DIE WEEK
- ’N GEDAGTE
- FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE
- SP ENGELBRECHT-MUSEUM
- TOERUSTING
- JONG VOLWASSENES
- BARMHARTIGHEID
- GEBED VIR DIE WEEK

“Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes.”

“Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings wat deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.”

www.nhka.org
Stuur nuus, berigte en kort kommentaar na: **taal@nhk.co.za**
Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos aan: **bladuitleg@nhk.co.za / grafies@nhk.co.za**

LIEF EN LEED

Ds Henk (Welgelegen-Pietersburg) en **mev Trudie Joubert** het op 13 Oktober die trotse grootouers van **Joalize Marx** geword. Joalize se ma is **ds Joleen** wat ds Henk-hulle se dogter is. Ons wens **ds Joleen en mnr Johan Marx** baie geluk met hierdie pragtige dogterjie.

Prof Johan Buitendag (emeritus) ondergaan Donderdag, 22 Oktober, ’n **driedubbele fusie** in sy laerug. Die Kerk bid hom sterkte toe vir die operasie en die herstelproses.

Die Kerk betuig medelye met **prof Bieks Beukes** en sy familie. Sy jonger broer, **Pieter**, is verlede week aan ’n hartaanval oorlede. Mag God julle in hierdie moeilike tyd vertroos.

Die Moderamen het tydens hulle onlangse vergadering verneem van die afsterwe van **oudl Daniël Esterhuizen** se **pa**. Die Kerk betuig haar simpatie met die familie.

VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **30 Oktober**. Die Kerk wens u ’n geseënde lewensjaar toe.

Sondag
25
Oktober

Ds CG (Chris) Liebenberg
Hawke’s Bay

Maandag
26
Oktober

Dr JR (Robert) van Niekerk
Dosent/ Wonderboom-poort

Maandag
26
Oktober

Ds HSK (Hennie) Nel
Emeritus/ Potgietersrus

Maandag
26
Oktober

Ds GSC (Skip) Scheepers
Emeritus

Dinsdag
27
Oktober

Ds KF (Kathleen) Smith
Emeritus/ Kaapstad

Dinsdag
27
Oktober

Ds PM (Pieter) Smith
Emeritus

Woensdag
28
Oktober

Ds CEC (Colin) Hertzog
Middelburg-Noord

Vrydag
30
Oktober

Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger
Nie-diensdoende predikant

Vrydag
30
Oktober

Ds WH (Wilhelm) Steyn
Emeritus

Vrydag
30
Oktober

Ds WF (Werner) Venter
Schoemansdal

VERGADERINGS

Vrydag	Dinsdag	Donderdag	Vrydag
23	27	29	30
Oktober	Oktober	Oktober	Oktober
Oudit- en risikokomitee	**Kuratorium**	**Raad van Finansies: Begroting**	**Raad van Finansies**

GEMEENTES EN BEDIENING

Mev Rika van Staden het haar proefprediens op 11 Oktober suksesvol afgehandel, en die Moderamen het 'n aanbeveling vir haar legitimasie gemaak. Sy was voorheen betrokke by Gemeentes Pretoria-Oos, Welkom en Goudveld.

Ds AJ (Kobus) Pienaar (emeritus) het 'n beroep na Kruin (deeltyds) ontvang en aangeneem.

Gemeente Pretoria-Oos het 'n **nagmaalstel** ontvang wat hulle graag aan 'n gemeente wil skenk. Die stel bestaan uit:

- 5 x skinkborde
- 89 x glasies wat in die skinkborde pas
- 69 x addisionele groter glasies
- 4 x borde

Belangstellende gemeentes kan asseblief vir Charlene de Wet kontak by **admin@pretoriaoos.com** of 012 460 8441.

WERKGELEENTHEDE

Bedieningsruimte: NG Gemeente Paardekraal-Monument in Krugersdorp nooi aansoeke van gelegitimeerde en geëmeriteerde predikante van die NHKA om **'n voltydse vaste termynkontrak** van drie jaar te vul.

Navrae:

- Voorsitter van die Pre-advieskommissie:
  Cornell Solomon 083 388 3999
- Voorsitter van die Kerkraad:
  Janus de Jager 082 855 9908

Die sluitingsdatum vir aansoeke is **6 November 2026**. Klik gerus ***hier*** vir die **volledige beskrywing** van die pos.

KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES

Gemeentenaam
Gemeentebesonderhede
NHKA
THE KINFOLK HOME
AT HOME

Die Kerkkalender vir 2027, wat deur die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei is, is ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar.

Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte of elektroniese formaat onder hul lidmate versprei. U kan ook die kerklike feesdae ***hier*** aflaai.

Bybelse Dagboek 2027 | NHKA
Bybelse Dagboek
2027
in grootdruk
Bybelse Dagboek
2027
NHKA | 2027
2027
Almanak
NHKA | 2027
R200
(versending uitgeslui)

Bybelse Dagboek
in GROOTDRUK

Die inhoud is identies aan die *Bybelse Dagboek*-gedeelte van die bestaande *Almanak en Bybelse Dagboek.*

Hierdie boek word slegs op aanvraag gedruk en geen voorraad is vooraf beskikbaar nie.

Hou asseblief in gedagte dat daar 'n produksietyd is, so aflewering kan 'n paar dae neem.

R290
(versending uitgeslui)

Bybelse Dagboek en Almanak

Belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek **in een omslag.**

Bestel by boekwinkel@nhk.co.za

R80
Om die Bybel (beter) te verstaan
GERT MALAN

Om die Bybel (beter) te verstaan

Hierdie is 'n herdruk van dr Gert Malan se boek, *Om die Bybel (beter) te verstaan*. Die publikasie is daarop gemik om lidmate te help om die Bybel verantwoordelik te lees en die boodskap daarvan beter te begryp.

Plaas u bestelling voor einde Oktober om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** vir navrae oor pryse en voorraad.

'N WOORD
VIR ELKE DAG
'N WOORD
VIR ELKE DAG
R160
(versending uitgeslui)

Plaas u bestelling voor einde Oktober om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

Ná die gewildheid van Volume 1 volg 'n tweede bundel Gedagtes vir die Dag.

Hierdie opvolgboek bou voort op dieselfde beginsel: daaglikse oordenkings uit die NHKA *Bybelse Dagboek*, saamgevat om u te laat stil word, na te dink en moed te skep.

Of u elke dag 'n gedagte lees of af en toe daarin blaai – mag Volume 2 ook vir u 'n getroue metgesel op u geestelike reis wees.

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** om u bestelling te plaas.

KOM KYK EN LUISTER SAAM

kyk *hier*

Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op Donderdae in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

BYBELSE
DAGBOEK
2026

kyk *hier*

Ons weeklikse **Blitsflits** word deur **Lané Truscott** aangebied. Klik ***hier*** vir die jongste weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag op sosiale media en YouTube.

LIED VAN DIE WEEK

luister *hier*

VONKK 572: 1-3 – O Heer, deur al die eeue

O Heer, deur al die eeue
het U u kerk gelei.
Op grond van wat gebeur het,
kon mense dan bely.
En saam met voorgeslagte
erken ons dit nou weer,
bely ons daar bestaan net
een kerk, geloof en Heer!

En deur die Evangelie
word mense opgeroep
om saam met God se kinders
alleen sy wil te soek.
En deur u Woord wil U hul
die waarheid telkens leer:
daar is in hierdie lewe
een kerk, geloof en Heer!

U liefde en genade,
ons kan daarop bly bou,
want net soos die verlede
beheer U als ook nou.
Al moet u kerk ook lyding
of teenstand hier trotseer,
dan is ons troos: daar is steeds
een kerk, geloof en Heer!

’n Lied vir Hervormingsondag

Hervormingsondag is by uitstek ’n geleentheid om ons teologiese erfenis te belig – ook deur die liedere wat gebruik word. Naas die liedere wat deur Martin Luther gekomponeer is, kan ons ook VONKK 572 as ’n geloofsbelydenis of as die lied na die geloofsbelydenis gebruik.

Die oorspronklike teks

Hierdie teks is aanvanklik vir ’n ander melodie geskryf, maar daardie melodie het nie die toets in die VONKK-keuringsproses geslaag nie. Die teks het egter behoue gebly en daar is na ’n melodie gesoek om die belydenis dat daar net een kerk, een geloof en Heer is, te dra. Die teks is ontleen aan Efesiërs 4: 4-6.

Die komponis

Nadat die vorige melodie nie aanvaar is nie, is enkele aanpassings aan die teks gemaak sodat dit by die bekende melodie *Aurelia* gebruik kon word. Die melodie is in 1864 deur Samuel Wesley, ’n kleinseun van Charles Wesley, gekomponeer. Ons ken reeds die melodie uit die Liedboek waar dit vir Lied 478 – Op vaste fondamente – gebruik word. Wesley was klaarblyklik nie tevrede met sy melodie se gebruik vir hierdie Engelse teks nie. Wat dit egter belangrik maak – ook vir Hervormingsondag – is dat dit tegelyk klem lê op die eenheid van die kerk en die vashou aan die belydenis van die kerk wat oor die eeue na ons toe kom.

Liturgiese gebruik

Die lied kan as geloofsbelydenis gebruik word of na afloop van die tradisionele geloofsbelydenis gesing word. Dit gee die gemeente die geleentheid om van die kernmomente van die kerk se belydenis op hulle eie lippe te neem en dit self van harte te bely. In die VONKK-korpus val die lied in die rubrieke: Klassiek – Geloofsbelydenis/Die Kerk/Geloof en Vertroue.

Luister ***hier*** na die Engelse weergawe. Daar is ongelukkig nog nie ’n opname van die Afrikaanse weergawe beskikbaar nie. Die volledige begeleidingsnit, bladmusiek en PowerPoint-aanbieding is ***hier*** beskikbaar vir gemeentes wat op VONKK ingeteken is.

Ds Hannes van der Merwe
(Pretoria-Oos)

GEDAGTE

Hervorming

Ons soek nie ’n nuwe godsdiens,
vader sy tog, nee!
nie nog ’n dogma om mee koers te hou – nie nog
’n kategismus, nog ’n rosekrans!

Ons soek U, God, opnuut –
soos ’n blom wat oopgaan
in die somer,
sodat ons oë nuut kan kyk,
vir die eerste keer,
sonder teenspraak of dispuut.

George Louw

FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE

vertel ons

Vertel ons asseblief van **geleenthede** by jul gemeentes.
Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

Enige tyd

GEMEENTE ERASMIA: KWALITEIT BRAAIHOUT

Kom koop jou Thabazimbi-braaihout by ons.

R30 per 8 kg-sakkie. Aflewering in die Pretoria-omgewing ingesluit.

076 336 5739 (Johan Otto)

24 OKT

GEMEENTE KEMPTON PARK-OOS: BIKES & BEETLES-BASAAR

Kom deel, verkoop en geniet ’n fantastiese dag vol pret vir die hele gesin.

082 924 7344 (ds Anneline)

24 OKT
Vanaf 08:00

GEMEENTE SIONSPOORT: 4X4-UITDAGING

Kom geniet ’n dag gevul met 4x4-uitdagings wat deel vorm van die *Maxxis 4x4 Challenge Series*. Daar is iets vir almal – pragtige natuur, baie aksie, groot pret, heerlike eetgoed en lekker kuier. Jy wil dit nie misloop nie!

Plaas Doornfontein by Rodora – 20 km vanaf Randfontein

083 327 7701 (Corrie Hudson)

Besoek **Sionspoort 4x4 op Facebook**

25 OKT
Vanaf 13:00 tot 14:00

GEMEENTE SIONSPOORT: HERVORMINGSONDAG-UITVOERING

Kom vier Hervormingsondag saam met Gemeente Sionspoort. Hulle bied *Soli Deo Gloria*, ’n middagetekonsert, aan met Johannesburg se WA Mozart-koor, Hoërskool Oos-Moot se blaasorkes, samesang en Sionspoort se pyporrel.

Sagte kollekte ten bate van die orrelfonds

Gemeente Sionspoort, Van Deventerstraat 89, Randgate, Randfontein

25 OKT
Trekking

GEMEENTE KEMPTON PARK-OOS: WEN ’N WEGBREEK

Kom koop ’n lootjie en staan ’n kans om ’n wegbreek vir vier persone by ATKV-Buffelspoort te wen. Die wegbreek is vir vier nagte midweek of twee nagte oor ’n naweek in ’n opgeknapte rondawel.

Koste: R100 per lootjie

Klik ***hier*** om ’n lootjie te koop.

25 OKT
Vanaf 14:00

GEMEENTE KEMPTEN: VOICES DIVINE

Kom geniet die klanke van Voices Divine. Gratis koffie sal verskaf word.

R150 per persoon

Gemeente Kempten, hv Blouborsie- en Lorethastraat

083 725 3066 (bespreek by Elize)

30 en 31 OKT

GEMEENTES KURUMAN, KATHU EN POSTMASBURG: KALAHARI-KUIER IN AFRIKAANS

Kom luister na ’n propvol verhoogprogram met Eloff, Die Piesangskille, Zaan Sonnekus, Spoegwolf, GnT, Riaan Rust, Leon Cremer, Min-Gespin, Hennie de Bruyn en die Kitaar Kêrels, asook Kathu se plaaslike TMC Band.

Maak ’n draai by die kuiertent. Kom geniet twee dae van musiek, kuier, lekker kos en egte Afrikaanse gees onder die Kalahari-son!

Besoek **www.kkak.org.za** vir meer inligting, kaartjies, uitstal- en kosstalletjiebespreking.

Sivos Sportgronde, Kathu

31 OKT
Trekking

GEMEENTE WONDERBOOM: WEN ’N BILTONGKERWER

Kom koop ’n lootjie en staan ’n kans om ’n skerp biltongkerwer met ’n ingeboude neutkraker te wen.

R50 per lootjie

083 255 2082 (ds Lillian)

31
OKT

Vanaf
07:30

GEMEENTE BRONKHORSTSPRUIT: PLAASBASAAR

Kom geniet 'n heerlike plaasatmosfeer met smullekker boerekos, vleis teen plaaspryse en vermaak vir oud en jonk. Boeretroos en tee is op die huis.

Gemeente Bronkhorstspruit, hv
Charl Cilliers- en Krugerstraat,
Bronkhorstspruit

31
OKT

Vanaf
08:00
tot
10:00

GEMEENTE WONDERBOOM: BOERE-ONTBYT

Kom eet 'n heerlike ontbyt. Verskillende opsies om van te kies. Bespreek voor 24 Oktober.

Vanaf R45 tot R70

Plek: Gemeente Wonderboom,
Marjoramlaan 219, Annlin

083 255 2082/078 905 0820 (besprekings)

SP ENGELBRECHT-MUSEUM

SP ENGELBRECHT-
MUSEUM

Reis terug in tyd by die SP Engelbrecht-museum!

Ontdek kosbare kerk- en kultuurskatte en bring familie en vriende saam.

Besoeke per afspraak: **R40** per persoon.
Bespreek by **ds Johann de Bruin**: **082 733 3951** of **careljohann@gmail.com**.

TOERUSTING

WEBINAAR: WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES

Aanbieder: Mnr Simon Kotzé
Tydsduur: 90 minute

- **Dinsdag 17 November om 09:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/364988089989566?p=YS51MTOBy5i4LnT6LR
  ID: 364 988 089 989 566
  Toegangskode: zN6Ab3Bw
- **Donderdag 19 November om 19:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/39060071764078?p=UzliQOc9c5a94mTVVX
  ID: 390 600 717 640 78
  Toegangskode: x8Cb9m9K

Uitnodiging deur die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in samewerking met die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria

Die ver-beelding en ver-woording van geloof

in kuns, musiek, letterkunde en argitektuur

Deur die eeue heen het beeldende kuns, musiek, letterkunde en argitektuur 'n kragtige rol gespeel in hoe die kerk geloof verbeeld en verwoord. Kom sluit aan by hierdie insiggewende konferensie waar daar saam nagedink word oor die samehang tussen skoonheid, kuns en geloofservaring.



Kunswerk deur E Dreyer

Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg, Waterkloofpark

28-29 10 2026

Gassprekers
- Prof HF (Hennie) Stander
- Prof E (Elfriede) Dreyer

Sub-temas
- Beeldende kuns, musiek, argitektuur, letterkunde

RSVP met betaling
- 12 Oktober 2026
- antoejvr@gmail.com

Konferensiefooi: R600
- Sluit verversings, 'n onthaal en WHT-lidmaatskap in.

Navrae
- Prof Wim Dreyer | wimdreyer@nhk.co.za
- Prof Johan van der Merwe | johan.vdmerwe@up.ac.za
- Dr Christo Pretorius | christo@pretoriafm.co.za
- Dr Antionette Janse van Rensburg | antoejvr@gmail.com

Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; vyf jaar deeltyds

Toelatingsvereistes:
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie.

"Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk."

Inskrywings vir Februarie 2027 kan nou gedoen word.

Maak 'n verskil in die Koninkryk van God

SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die
NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Navrae: Ds Bouwer Serfontein E-pos: ministry@skillspro.co.za Selnommer: 082 339 7854

JONG VOLWASSENES

Is jy in 2027 'n Matie?

Stellenbosch Hervormde gemeente wil jou graag ontmoet en ondersteun in die oorgang van hoërskool na studentelewe!

Kom woon gerus ons aanvangskamp by.
Eerstejaar of senior, almal is welkom.
Datum: 24 tot 26 Januarie 2027.
Ons kom 24 Januarie 14:00 by die kerkgebou bymekaar.
Koste: R500 per persoon.

Kontak ons gerus, en ons stuur dan al die besonderhede: dr Chris le Roux by cleroux@mweb.co.za, 079 495 3239, of ds Elizabeth Rossouw, by 3erossouw@gmail.com, +264 81 833 7022 (whatsapp), 078 032 3819 (bel).

Klik ***hier*** vir Gemeente Stellenbosch se inligtingsbrief oor die aanvangskamp.

BARMHARTIGHEID

klik *hier*

Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.

GEBED VIR DIE WEEK

Grote God en goeie Vriend
al ons gedagtes en drome
ons verlange en verdraagsaamheid is aan U bekend

In ons rusteloosheid
in die chaos van elke dag
wanneer dit voel asof ons bly vassteek
aan die oppervlak van hierdie lewe

Breek dan in met u sagte liefde
verlig ons hart
skenk ons u oë
leen ons u ore
om te sien en te hoor wat werklik saak maak

Om die diepe, diepe waarde van hierdie lewe te ontdek
Elke dag 'n bietjie meer
God, wees die bron
van ons verwondering

Amen.

https://petrus.protestantsekerk.nl/artikel/gebed-om-verwondering/
Vertaling: Sanet du Plessis.

REDAKTEUR	SUBREDAKTEUR	KOÖRDINEERDER	UITLEGKUNSTENAAR	JOERNALIS
Ds David Barnard	Ds Mariët Robbertze	Mej Sanet du Plessis	Mnr Hugo van Niekerk	Ds Iwana Kruger